GARSVALLEI VOORTREKKERS

GARSVALLEI KENTEKENDAG
(GGA/2018/15)
VRYDAG 3 AUGUSTUS TOT SATERDAG 4 AUGUSTUS 2018

Garsvallei Kommando nooi u hartlik uit na ons jaarlikse Kentekendag. Ons spesialisasies word binne veilige omgewings en op verskillende terreine aangebied sodat die jeuglid die meeste waarde en ervaring kan ontvang. Kom beleef die dag saam met ons en bou herinneringe vir jou persoonlike **Voortrekker loopbaan plakboek**.

SPESIALISASIES:

Wanneer	Gr	Spesialisasie	Kostes	Waar	Registrasie
Saterdag	1	Padveiligheid (A)	R140 – kind R 80 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag 07:15-07:45 **(Kinders afhaal om 14h30)**
Saterdag	2	Dierewaarneming (A) **Beperk tot 60 inskrywings**	R210 – kind R180 – volw (koste sluit 'n wildsrit in)	Farm Inn (Mkulu Boma) www.farminn.co.za GPS Koördinate: S 25°46.981' O 028°22.177	Saterdag 07:15-07:45 **(Kinders afhaal om 14h30)**
Saterdag	3	Fietsry (A)	R140 – kind R 80 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag 07:15-07:45
Saterdag	4	Groot Trek (B) **Beperk tot 50 inskrywings**	R170 – kind R145 – volw Sluit monument toer in	Voortrekkersaal by Voortrekkermonument se piekniekterrein	Saterdag 07:00-7:30
Vrydag en Saterdag (Oornag)	5	Handvaardighede (B) **Beperk tot 40 inskrywings**	R210 – kind R150 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Vrydag 17:30-18:15
Vrydag en Saterdag (Oornag)	6	Kampkook (B) **Beperk tot 40 inskrywings**	R200 – kind R190 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Vrydag 17:30-18:15

Wanneer	Gr	Spesialisasie	Beskrywing	Kostes	Waar	Registrasie
Saterdag	7	Voorslag Inskerping	Dit is die laaste geleentheid wat jy het voor die Voorslag Toetskamp om jouself voor te berei – moet dit nie misloop nie!	R160 – kind R 80 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag 07:15-07:45
Saterdag	8 - 10	Selfverdediging **Beperk tot 20 inskrywings**	Hierdie is een van die Burgerskap spesialisasies wat jou sal toerus om jouself in gevaarlike situasies toepaslik te verdedig.	R160 – kind R 80 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag 07:15-07:45
Vrydag en Saterdag (oornag)	8 - 12	Manne en Vroue uit die Bybel **Minimum 8 inskrywings (maksimum 20)**	Hierdie spesialisasie val binne die Christenskap kategorie. Die verkenner sal kennis maak met manne en/of vroue uit die Bybel wat vir ons as geloofshelde kan dien.	R230 – kind R150 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Vrydag 17:30-18:15
Saterdag	11-12	Wynkennis **Minimum 12 inskrywings (maksimum 20)**	By hierdie kursus sal die senior verkenner aan die wonder van die vrug van die wingerdstok bekend gestel word, asook leer dat wyn en verwante produkte met groot verantwoordelikheid gebruik behoort te word.	R170 – kind R 80 – volw	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag: 07:15-07:45
Saterdag	Volw	Volwasse werkswinkel	'n Saampraat-aksie waartydens verskeie aspekte van die reël van aktiwiteite bespreek kan word.	R50 (tee, koffie – geen middagete)	Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate : S 25°48'10'' O 28°19'34''	Saterdag: 07:15-07:45 Werkswinkel vind plaas: 08:00-11:00

Die program sal vir alle spesialisasies eindig om 16h00 (buiten vir Padveiligheid en Dierewaarneming wat om 14h30 eindig.

KOSTES: Inskrywingsfooi sluit die sertifikaat, kenteken, asook ligte middagete en koeldrank in.
Oorslaap spesialisasies sluit aandete vir Vrydagaand asook ontbyt en middagete vir Saterdag in.

R50.00 LAAT INSKRYWINGSFOOI per inskrywing sal gehef word na die sluitingsdatum

SNOEPIE: Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees. **Onthou dus die sakgeld!**

MEELOPERS (KURSUS HULP OFFISIERE): Elke kommando voorsien asseblief vir:

Oornag spesialisasies: - een volwassene vir elke **6** jeuglede of een per span met minder as 6 jeuglede, wat saam met die groep oorslaap en saam met die groep beweeg (waar moontlik offisiere by eie spanne).

Dag spesialisasies: - een volwassene vir elke **8** jeuglede of een per span, wat saam met die groep beweeg wat aan hulle toegeken word (waar moontlik offisiere by eie spanne)

Volwassenes word versoek om asseblief te help met die dissipline handhawing van u groep tydens die Kentekendag.

Alle offisiere/meelopers bring asb eie opvou/kampstoel saam vir jouself!

KLEREDRAG: Aktiewe Voortrekkerdag met gepaste Voortrekker warmdrag en/of spandrag.

NB!! Dierewaarneming jeuglede moet asb aktiewe Voortrekkerdrag aantrek en/of 'n soortgelyke rooi/blou hempie indien nog nie Voortrekkerdrag besit nie. Gepaste donkerblou warmdrag word toegelaat.

SLUITINGSDATUM: 27 Julie 2018

INSKRYWINGS: **Alle inskrywings moet op SAS gedoen word, asook per Excel spreivel deur die kommando vir elke spesialisasie. Skryf dus vroegtydig in, veral waar getalle beperkings van toepassing is.**
Alle jeuglede wat spesialisasies deurloop moet inskryf as kursusganger. Alle offisiere wat as meelopers optree, moet die Ander bywoning opsie kies en inskryf as waarnemers.

Inskrywings is slegs geldig indien 'n betalingsbewys en SAS gegenereerde naamlys binne 24 uur na registrasie op SAS ontvang is.

BETALING:	Rekeninghouer:	Garsvallei Voortrekkerkommando
	Bank:	ABSA, Menlyn
	Takkode:	632005
	Rekening:	1015 722 033
	Verwysing om te gebruik:	Jou eie kommando se naam (verkort) en spesialisasie

Die betalingsbewys moet asb elektronies gestuur word aan garsvallei.finansies@gmail.com

NAVRAE: Vir enige verdere navrae of besonderhede skakel:
Louise Welgens by 0826877805 (slegs na 13h00) of Jan-Albert de Kock by 0713809757 (slegs na 14h00)
Stuur e-pos aan garsvallei@gmail.com

Alle lede van Die Voortrekkers onderneem om binne die bepalings van die grondwet, reglemente en prosedures, asook die bepalings opgeneem in Lidmaatskapbrosjure van Die Voortrekkers, op te tree.

Vorie Groete

Jan-Albert De Kock
GGA Sameroeper
071 380 9757 (na-ure vanaf 14h00)

Louise Welgens
GGA Administrasie
082 6877 805 (na-ure vanaf 13h00)

Saambringlysies

Spesialisasie	**Saambringlysie vir Spesialisasie**
Padveiligheid Graad 1	Die kinders moet asb die volgende saam bring: *Bekertjie vir koeldrank (Gemerk!) *Eie inkleurpotlode *4x A4 papiere (Kan gebruik wees solank een kant nog wit is) *Kleeflint, verkieslik in houertjie wat reeds afsny kant het *Skêr *A4 gekleurde karton (enige kleur) *2x boksies (soos vir hoesmedisyne) -Geverf (Enige kleur) *2x toiletrolletjie – Geverf (Enige kleur) *2x Karretjies (Klein, om mee te speel) R20 vir 'n snoepie pakkie, indien belangstel.

Spesialisasie	Saambringlysie vir Spesialisasie
Dierewaarneming Graad 2	**NB NB NB!!! Voltooide vrywaringsvorm van ouers/voog ten opsigte van die wildsrit (vereiste van Farm Inn – sien vorm apart). Dit moet inskrywing vergesel en oorspronklike moet ingehandig word by registrasie** Dierewaarneming vind plaas in die Mkulu Boma by The Farm Inn. Kinders word afgegee en afgehaal by Mkulu boma. Hou stil in die parkeer terrein en stap met u kind na Mkulu Boma. Die Boma is op Farm Inn se gronde, maar 'n entjie se stap deur ontvangs verby die teetuin en speelterrein tot heel onder links in die hoek op die terrein. Vra by ontvangs as u onseker is hoe om by Mkulu Boma te kom. Alternatiewelik kan daar ook langs die Mkulu Boma gery word deur links te hou met pad en nie na die hoofingang af te draai nie. 1. Hoed en Sonbrandmiddel 2. Prente of sketse van 5 inheemse diere (soogdiere of reptiele) Prente of sketse van 5 inheemse voëls Prente of sketse van 5 inheemse insekte of spinnekoppe Prent van die nasionale dier (Springbok) Prent van die nasionale vis (Galjoen) Prent van die nasionale voel (Blou kraanvoël) 3. 'n Foto/prent/skets van enige troeteldier – dit sal oulik wees as dit van die kind en sy/haar troeteldier is. 4. Eie skryfbehoeftes, pen en potlode, asook gom en skêr. 5. Koeldrank bekers of water botteltjie. 6. Sakgeld. 7. Opsioneel : geld vir donkie-karrit (R20) 8. Aktiewe voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB. 9. Jeuglede kan om 14h30 afgehaal word. **Alle items wat saamgebring word, moet in 'n klein rugsakkie gepak word, wat deurgaans saamgedra kan word.** 10. Voltooide vrywaringsvorm-geen wildsrit sonder voltooide vrywaringsvorm nie. Volwassenes bring saam: • Hoed en sonbrandmiddel. • Opvoustoel. • Kredietkaart (vir opsionele bestellings van Farm Inn se Garden Menu) • Koeldrank bekers of water botteltjie. • Voltooide vrywaringsvorm- geen wildsrit sonder voltooide vrywaringsvorm nie. • Koffie en tee is beskikbaar.
Fietsry Graad 3	1. Bring jou eie fiets en 'n waterbottel wat jy saam met jou op die fietsrit kan neem. **Jou fiets moet padwaardig wees – let veral op die remme en bande (geen pap wiele asseblief).** Let wel indien 'n fiets nie padwaardig is nie, sal die jeuglid nie verder aan die spesialisasie kan deelneem nie en dus huistoe gestuur word. 2. Bring ook 'n valhelm om mee fiets te ry. Let wel **GEEN** fietsryer word toegelaat sonder 'n valhelm nie! Let wel indien die jeuglid nie 'n valhelm tot beskikking het nie sal die jeuglid nie verder aan die spesialisasie kan deelneem nie en dus huistoe gestuur word. 3. Sonbrandroom BAIE BELANGRIK!!!!

Spesialisasie	Saambringlysie vir Spesialisasie
Groot Trek Graad 4	Geen
Handvaardighede Graad 5	**SLAAP OOR (alle items moet duidelik gemerk wees ASB):** Matrassie, Slaapsak, ekstra kombers, kussing, flits en bordesakkie met eetgerei (ook van toepassing op volwassenes) Pak asb. die volgende alles in 'n bierboks (alle items moet duidelik gemerk wees ASB): Skryfbehoeftes, skêr, liniaal 1 buis Bostik Clear GEL – Die rooi buis (kan gedeel word in span) 1 m dun (5mm) lint Battery aangedrewe feetjieliggies die goedkoop soort, kan by Colleen aangekoop word teen R 25 op die dag 10 Houtkrale, Groot en klein Groot Lee konfyt/Ingelegte vrugte 420g Blik 2 groot metaal wassers 2 Klein leë glasbotteltjies, purity/mosterd Die volgende items moet asseblief saamkom sodat vinniger gewerk kan werk - leen uit die motorhuis / werkswinkel / by die bure, of per span: Houtlym Tang Duct tape, elke kind het ten minste 3 m nodig Klein bolletjie katoen tou 2mm boorpunt 'n swart permanente merkpen No 3 of kleiner plat varkhaar kwas (opsioneel) No 10 of kleiner plat varkhaar kwas (opsioneel)
Kampkook Graad 6	**SLAAP OOR (alle items moet duidelik gemerk wees ASB): :** 1. Matrassie, slaapsak, ekstra kombers, kussing, flits en bordesakkie met eetgerei (**ook** van toepassing op volwassenes wat oorslaap) 2. Plastiese bakkie vir oorskietkos van Saterdagmiddag. 3. Kampstoel 4. Elke groep van 6 (of minder) jeuglede van 'n span moet die volgende artikels saambring: • 1 nommer 3 ysterpotjie • Gasstofie (indien moontlik) • 1 Jaffelpan • 1 plastiese skottel/houer, ongeveer 30 - 50 cm in deursnee vir aandra en opwas • 1 groot skeplepel & 1 houtlepel • 2 vatlappe • Groentemessies & groenteskillers • 2 kapplanke • Braaitang of grafie om kole mee te skuif • Was sponsie en vadoeke • Sak hout / charcoal • 1 plastieksak 5. Alle goedere moet behoorlik gemerk wees. **Volwassenes onthou eie oorslaap items en eie kampstoel!**

Spesialisasie	Saambringlysie vir Spesialisasie
Voorslag Inskerping Graad 7	1. Eie opvou/kampstoele en bordesak 2. Graad 6&7 graadwielboek 3. Notaboekie en pen 4. Geldjie om die Voorslag opsommings boekie te koop (R85.00) indien belangstel
Manne en Vroue uit die Bybel (Christelik) Verkenners (Graad 8 tot 12)	**SLAAP OOR (alle items moet duidelik gemerk wees ASB):** 1. Matrassie, slaapsak, ekstra kombers, kussing, flits en bordesakkie met eetgerei (ook van toepassing op volwassenes wat oorslaap), 2. ***'n Werkstuk*** oor EEN persoon in vereiste 3.1 (seuns) of een persoon in vereiste 3.2 (meisies) 3.1 Noag, Abraham, Josef, Dawid of Daniël 3.2 Ester, Ragab, Rut of Maria die moeder van Jesus Die werkstukke moet elkeen vier rekenaargetikte A4 bladsye wees en uit die volgende bestaan: (Lettertipe Arial 11 met 1.5 lynspasieëring) **Inleiding:** Algehele opsomming en indrukke oor die persoon. **Liggaam:** 'n Kort geskiedenis van die persoon se lewe. Beskryf kortliks die persoon se verhouding met die Here. Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hy/sy gedoen het. Wat is die persoon se bydrae tot die Koninkryk van God/sy volk/sy land. **Slot:** Verduidelik met watter kenmerke in die persoon se lewe, of eienskappe van die persoon, jy kan identifiseer. 3. ***Bring 'n 1983 vertaling of NLV vertaling Bybel saam.*** Eie opvou/kampstoele
Selfverdediging Verkenners (Graad 8 tot 10)	1. Eie opvou/kampstoele 2. Huidige inligting/statistieke oor verkagting, aanrandings, moord, kindermolestering. 3. Definisies van fisiese en geestelike weerbaarheid, respek en selfrespek.
Wynkennis Verkenners (Graad 11 en 12 Alleenlik)	1. **NB NB NB!!! Voltooide toestemmingsbriefie van ouers/voog (sien hieronder).** 2. Pen en notaboekie

GARSVALLEI VOORTREKKERKOMMANDO

Kentekendag Saterdag 4 Augustus 2018

TOESTEMMINGSBRIEF vir WYNKENNIS SPESIALISASIE

AAN: Die Kommandoleier, Garsvallei Voortrekkerkommando

VERWYS: Garsvallei Kommando se kentekendag: 4 Augustus 2018.

Hiermee bevestig ek, die ouer van ..... dat hy/sy in graad 11/12 is en gee toestemming dat hy/sy die Wynkennis spesialisasie mag aflê. Ek neem kennis dat die uitgangspunt van die spesialisasie die Voortrekkers se grondslag, wese en die Voortrekkerkode is. Ofskoon **kennis** van verskillende aspekte rakende wyn die hooffokus van die spesialisasie is, sal klein hoeveelhede wyn ook geproe word. Ek besef dat, alhoewel die bedien van alkoholiese drank aan hoërskooljeug kontroversieel mag wees, dit onder die leiding van verantwoordelike Voortrekkeroffisiere sal plaasvind.

_____ _____

Handtekening van ouer Datum